Tiendes

Pro 10:22 Die seën van die HERE – dit maak ryk, en moeitevolle arbeid voeg daar niks by nie

MaartensPRO

Die Eerste Geval van Tiendes

- Die eerste keer toe tiendes genoem was, was in Gen 14 toe Abram ‘n tiende aan Melchisedek betaal het
  - **Gen 14:18** En Melgisédek, die koning van Salem, wat ‘n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring
  - Gen 14:19 en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde.
  - Gen 14:20 En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles.

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Melgisédek

- Daar is mense wat sê dat Melgisédek Jesus was omdat:
  - Daar is geen rekord van sy voorgeslagte nie
  - Hy ‘n koning en ‘n priester was
- Melgisédek se pos
  - **Heb 7:1** Want hierdie Melgisédek was koning van Salem, priester van God, die Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het;
  - Heb 7:2 aan wie Abraham ook ‘n tiende deel van alles gegee het—hy was in die eerste plek, volgens uitleg, koning van die geregtigheid en dan ook koning van Salem, dit is koning van vrede;
  - Heb 7:3 sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur.

MaartensPRO

Melgisédek (vervolg)

- Melgisédek was egter nie Jesus nie en ons lei dit af uit die volgende stelling wat Abram gemaak het teenoor Melgisédek:
  - Gen 14:21 En die koning van Sodom sê vir Abram: Gee my die mense, maar neem die goed vir uself.
  - Gen 14:22 Toe antwoord Abram die koning van Sodom: Ek hef my hand op tot die HERE, God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde,
  - Gen 14:23 dat ek geen draad en geen skoenriem, ja, dat ek niks sal neem van alles wat uwe is nie, sodat u nie kan sê nie: Ek het Abram ryk gemaak.

MaartensPRO

Die Tiende

- Die Tiende is heilig aan die Here
  - Lev 27:30 Ook al die tiendes van die land, van die graan van die land, van die vrugte van die bome, behoort aan die HERE; dit is heilig aan die HERE
- As jy probleme het, kan jy van die Here se tiende leen, maar die rentekoers is 20% per jaar
  - **Lev 27:31** Maar as iemand van sy tiende iets wil los, moet hy die vyfde deel daarvan byvoeg

MaartensPRO

Doel van die Tiende

- God het nie ons tiendes nodig nie. Hy is nie in geldelike moeilikheid nie en Hy het geen rekeninge om te betaal nie.
- Nou waarom het God dan die tiende ingestel?
  - **Num 18:24** Want die tiendes van die kinders van Israel wat hulle aan die HERE as offergawe afgee, gee Ek aan die Leviete as erfdeel. Daarom het Ek aangaande hulle gesê: Hulle moet onder die kinders van Israel geen erfdeel kry nie
- Die Here wou Sy volk leer om ‘n tiende te gee. Hy besluit toe die volgende:
  - Die mens gee hulle tiende aan die Here
  - Die Here gee dan die teinde aan die Leviete gee – maar dan mag die Leviete nie hulle eie besittings hê nie.

MaartensPRO

Doel van die Tiende (vervolg)

- Die doel van die tiende was nie om die Leviete te versorg nie, want hulle moes ook ‘n tiende betaal
  - **Num 18:26** Jy moet ook met die Leviete spreek en aan hulle sê: As julle van die kinders van Israel die tiendes neem wat Ek aan julle van hulle as jul erfdeel gegee het, moet julle daarvan ‘n offergawe aan die HERE afgee, ‘n tiende van die tiende

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Die Leviete

- Die Leviete het toe nie hulle tiendes betaal nie
  - **Mal 2:1** En nou, priesters, tot julle kom hierdie gebod
  - **Mal 3:8** Mag ‘n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe.
- As gevolg van die feit dat die priesters nie die tiende ernstig opgeneem het nie, het hulle hulleself onder ‘n vloek gebring. Nie net hulle self nie, maar ook die hele volk!
  - Mal 3:9 Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie!
- Wat moes die Leviete met hulle tiende maak?
  - Mal 3:10 Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Die Leviete (vervolg)

- Vir wie is die spys? Die Priesters het mos klaar hulle tiende. Dit was vir die volk wat nie kos gehad het nie (Die Here het mos nie die kos nodig nie!)
- Die Belofte
  - Mal 3:10 …beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle ‘n oorvloedige seën sal uitstort nie
- Dit is die enigste plek in die hele Bybel waar die Here sê dat ons Hom mag toets! (Hy het geweet ons beursies is die laaste deel van ons wat tot bekering sal kom.

MaartensPRO

Hoe die Tiende Benut moes word

- Die tiende mag nie in jou eie huis ge-eet word nie
  - **Deu 12:17** Jy mag in jou poorte nie eet die tiendes van jou koring en jou mos en jou olie en die eersgeborenes van jou beeste en jou kleinvee en al jou gelofte – offers wat jy sal belowe, en jou vrywillige offers en die offergawe van jou hand nie
- Die tiende word dus gekies uit die eerste tiende van jou arbied, beeste ens.
- Die fees moet op ‘n sentrale plek wees wat die Here aandui en jou hele huishouding nooi om deel te neem
  - Deu 12:18 Maar jy moet dit eet voor die aangesig van die HERE jou God op die plek wat die HERE jou God sal uitkies, jy en jou seun en jou dogter en jou slaaf en jou slavin en die Leviet wat in jou poorte is; en jy moet vrolik wees voor die aangesig van die HERE jou God oor alles waar jy jou hand aan slaan.

MaartensPRO

Vir die wat nie beeste het nie

- Daar was mense wat so ver gebly het dat hulle nie aan die fees kon deelneem nie. Hulle moes hulle tiende diere verkoop en die geld bring. Hulle koop dan kos daarmee en vier fees en gee die res van die geld aan die Leviete
  - **Deu 14:24** En as die pad vir jou te lank is, as jy dit nie kan vervoer nie, omdat die plek wat die HERE jou God sal uitkies om sy Naam daar te vestig, te ver van jou af is, as die HERE jou God jou sal seën,
  - Deu 14:25 dan moet jy dit tot geld maak en die geld in jou hand bind en na die plek gaan wat die HERE jou God sal uitkies.
  - Deu 14:26 Dan moet jy die geld gee vir alles wat jou siel begeer, vir beeste en kleinvee en wyn en sterk drank en vir alles wat jou siel van jou begeer, en jy moet daar eet voor die aangesig van die HERE jou God en vrolik wees, jy en jou huis.
  - Deu 14:27 Maar die Leviet wat in jou poorte is, hom moet jy nie aan sy lot oorlaat nie, want hy het geen deel of erfenis saam met jou nie

MaartensPRO

Die Derde Jaar Verander Dit

- Aan die einde van die derde jaar moet al die geld na die volgende mense gaan:
  - Die Leviete
  - Vreemdelinge
  - Weduwees en wese
- Ons kan die elke derde maand doen omdat ons maandeliks betaal word en nie jaarliks soos die meeste boere nie
  - Deu 14:28 Aan die einde van drie jaar moet jy uitbring al die tiendes van jou opbrings in dié jaar en dit in jou poorte wegsit;
  - Deu 14:29 dan moet die Leviet kom—omdat hy geen deel of erfenis saam met jou het nie—en die vreemdeling en die wees en die weduwee wat in jou poorte is, en hulle moet eet en versadig word, sodat die HERE jou God jou kan seën in al die werk van jou hand wat jy doen.

MaartensPRO

Die Gebed by die Tiende

- “Here, ons het die tiende van ons opbrengs van die huis af gebring
- “Ons het dit aan die predikante gegee, die weduwees en die wese volgens U instruksies
- “Ons het niks daarvan vir ‘n ander doel gebruik nie
- “Rig U oë op ons en sëen U kinders volgens Maleagi 3:8+ soos wat U belowe het aan ons voorvaders toe U gesê het U sal ons inbring in ‘n land wat vloei van melk en heuning
  - Deu 26:13 En jy moet voor die aangesig van die HERE jou God sê: Ek het die heilige goed uit die huis weggebring en dit ook aan die Leviet en die vreemdeling, die wees en die weduwee gegee, geheel en al volgens u gebod wat U my beveel het; ek het geeneen van u gebooie oortree of vergeet nie.
  - Deu 26:14 Ek het daarvan in my rou nie geëet en daarvan as ‘n onreine niks weggebring en daarvan aan ‘n dooie niks gegee nie; ek het na die stem van die HERE my God geluister; ek het gedoen net soos U my beveel het.
  - Deu 26:15 Kyk tog uit u heilige woning, uit die hemel, neer en seën u volk Israel en die land wat U ons gegee het, soos U aan ons vaders met ‘n eed beloof het, ‘n land wat oorloop van melk en heuning.

MaartensPRO

Beloftes

- As mense hulle tiendes betaal, sal die volgende dinge met hulle gebeur:
- Ons sal ‘n oorvloedige sëen kry
- Niks sal die werk van ons hande skade kan aandoen nie. Alles waaraan ons raak sal voorspoedig wees
- Die mense sal sê: “Julle is gelukkige mense!”
  - **Mal 3:10** … en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle ‘n oorvloedige seën sal uitstort nie.
  - Mal 3:11 Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die HERE van die leërskare.
  - Mal 3:12 En al die nasies sal julle gelukkig prys, omdat julle die land van welbehae sal wees, sê die HERE van die leërskare.

http://webpulpit.maartenspro.com